UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklik deur die sandvlaktes van Kaapstad geskei is, en die afgeleë veeboerstreke ten noorde en ooste van die Kaap-Stellenbosch-Drakenstein-gebied.[206]

### *1. Die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt*

Hoe het die milieu daar uitgesien waarbinne die Kaapstadse slaaf homself bevind het? Sedert 1652 het Kaapstad oor byna twee eeue heen van 'n beskeie verversingstasie en handelspos tot 'n gerekende hawedorp en handelsentrum gegroei. In 1659 was daar slegs 'n paar van baksteen geboude woonhuise met kelders, twee graanstore, 'n hospitaal, werkskwartiere vir die ambagslui, 'n graanmeule, twee verdedigingskanse wat in die landerye geleë was, woonhuise vir die tuinier, slawe en 'n vryburgerfamilie, 'n paar perde- sowel as skaapstalle,[207] terwyl die inwonertal oor die driehonderd getel het, waarvan 89 slawe was.

In 1698 het die nedersetting tot 'n klein dorpie met ongeveer driehonderd witgepleisterde huise langs die netjiese reguit strate gegroei.[208] In 1706 was Abraham Bogaert (1663 - 1727),[209] skeepsdokter en skrywer, veral deur die snelle groei van die volksplanting beïndruk: "Wonderlyk is 't in getal van huizen toegenomen ... Alle zyn ze van klipsteenen gebouwt ... Cierelyk doen zy zich in 't oog van verre op door de krytwitte kalk, waar mee zy van buiten gepleistert zyn". [210] In 1714 was daar vier breë strate wat onder meer die Heerengracht [211] en die Keizersgracht [212] ingesluit het. Volgens Francois Valentyn(1666 - 1727),[213] predikant en skrywer wat die Kaap vier keer onderweg en terug van die Ooste besoek het, was daar in dié tyd selfs huise hoër op teen Tafelberg en het die openbare geboue onder meer die onvoltooide Kasteel met sy vyf bastions en geboue wat as huisvesting vir die goewerneur, besoekende hoë skeepslui en die sekunde moes dien, die byna oktagonale kerk, die nuutgeboude hospitaal, sowel as die slawelosie, behels.[214] Langs die boomryke strate was ongeveer 254 oorwegend enkelverdieping rietdakhuise, met Kaapse stene gebou, netjies gepleister en afgewit. 'n Kaart van Kaapstad uit 1767 **(Fig. 10)** toon die uitbreiding van die dorp in 'n noordwestelike rigting teen die hange van Leeukop en Seinheuwel en na die suidweste al langs die Kompanjiestuine aan. Aan die bokant van Breëstraat was die marktuin Schotsekloof, sowel as twee stukke grond, later as Waalendorp bekend. Die ontwikkeling van hierdie gebied, uiteindelik as die Bo-Kaap bekend, het in 1760 'n aanvang geneem toe Jan de Waal, koster van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, die grond tussen Dorp- en Waalstraat van Alexander Coel aangekoop het en in 1761 die tweede stuk grond van die Burgerraad ontvang het. Tussen 1763 en 1768 het De Waal 'n aantal "huurhuisjes" op dié grond laat oprig.[215]

---

206 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 235 - 236.

207 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 76 - 77.

208 F. Leguat, *The voyages of Francois Leguat of Bresse to Rodriguez, Mauritius, Java and the Cape of Good Hope II*, p. 275; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 191 en 217.

209 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 79.

210 A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia I*, pp. 99 - 100.

211 Tans Adderleystraat.


212 Tans Darlingstraat.

213 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 816.

214 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 14 - 20.

215 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 11:** 'n Gravure van 'n plan van Kaapstad in 1830 deur G. Greig van die oorspronklike plan van 1827 deur George Thompson, soos dit in sy *Travels and adventures in Southern Africa* verskyn het.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town,* teenoor p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1775 is verskeie nuwe strate aangelê, die nuwe Burgerwachthuis gebou, die Parade met behulp van slawe gelykgemaak en eikebome daaromheen geplant. In 1776 is die Lutherse Kerk voltooi, in 1781 die Martin Melckhuis en in 1787 die Kosterhuis.[216] Teen die middel van die agtiende eeu was daar ongeveer 1 200 huise in die dorp waarvan die meeste aan die vryburgers behoort het. Die res was die eiendom van Kompanjiesamptenare wat dit deur persoonlike aankope of by wyse van huwelike bekom het.[217]

Na 1790 het verdere uitbreiding bokant Buitengracht teen die hange van Leeukop plaasgevind. Die Bo-Kaap het vinniger as die platter Onder-Kaap ontwikkel, aangesien dit binne stapafstand van die inwoners se werksplekke was. Bowendien was 'n groot stuk grond om die Kasteel buite perke vir ontwikkeling, aangesien dit vrye koeëlafstand vir die kanonne moes verseker. Wat die verdere ontwikkeling van die Bo-Kaap betref, is verskeie strate wat Buitengracht sou kruis, aangelê onder meer Waal-, Kortmark-, Langmark-, Hout- en Kasteelstraat, terwyl Chiappini- en Roosstraat parallel met Buitengracht aangelê is.[218] Die eerste inwoners van die rye plakdak "huurhuisjes" was oorwegend Indonesiese vryslawe en bannelinge wat as knap ambagslui en vakmanne hulle brood in die nabygeleë dorpsgebied moes verdien.

Volgens Cornelius de Jong, wat die Kaap tussen 1792 en 1795 besoek het, is daar in dié tyd baie huise vir die toenemende getal inwoners aan die Kaap gebou en was "[h]et bouwen ... hier niet slechts eene liefhebberij, het is eene drift, eene dolheid, een besmettelijke razernij, die meest alle inwoners heeft Aangestoken".[219] Wat die inwonertal in 1795 betref, het die 7 049 slawe in Kaapstad die 4 972 blankes getalsgewys oortref.[220] Teen 1797 was daar reeds 1 140 woonhuise in Kaapstad,[221] terwyl die inwonertal op 15 500 geskat is. Volgens die historikus, Nigel Worden, kan die snelle groei van die burgerbevolking in Kaapstad gedurende die agtiende eeu aan vroeë huweliksouderdomme, verhoogde vrugbaarheid, laer sterftesyfer, sowel as 'n toenemende aantal persone wat burgerstatus verkry het, toegeskryf word.[222] Teen die einde van die agtiende eeu was Kaapstad die sentrum van die VOC-administrasie en -garnisoen, sowel as die enigste hawe in die Kaapkolonie, gunstig geleë op die seeweg na die Ooste. Bowendien was dit 'n belangrike mark en handelsentrum vir beide die plaaslike inwoners en boere, sowel as die besoekende seelui op pad na en van die Ooste. In die eerste helfte van die negentiende eeu het beide Burchell [223] en Bird [224] 'n idilliese prentjie van die Kaapstadse milieu waarbinne die slaaf hom bevind het, geskilder. Wat hieruit afgelei kan word, is dat dit 'n pragtige netjiese stad was wat vanaf die see oor die vallei tot teen die berge aan beide kante gestrek het, dat dit uit meer as twintig strate bestaan het wat wyd genoeg vir twee waens langsmekaar was, dat die ruim, gemaklike huise afgewit was en plat dakke gehad het met 'n stoep voor en 'n tuintjie agter.[225] Tussen Kaapstad en die berge was die private marktuine waaruit die Kapenaars oorvloedig van vrugte en groente voorsien is. Teen 1827 is nog strate in die Bo-Kaap aangelê **(Fig. 11)**, wat onder meer Helliger- en Bergstraat ingesluit het, terwyl

216 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 5.
217 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 75.
218 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 5.
219 C. de Jong, *Reizen naar die Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 139.
220 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 193.
221 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 15.
222 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 10.
223 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 70 en 74.
224 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, pp. 146 - 147.
225 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Leeuwen- en Pepperstraat ook verleng is om die Buitengracht te kruis. Beide Schotsekloof en Stadzicht het toe nog as marktuine gefunksioneer en is eers in 1885 as woongebied ontwikkel.[226] Kaapstad het ook drie pleine gehad, naamlik Kerkplein, Groentemarkplein en Hottentot- of Boereplein.

Uit bogenoemde kan die geografiese milieu waarbinne die stedelike Kaapstadse slaaf hom bevind het, afgelei word. Wat die sosiale en kulturele milieu betref, was die stedelike slawe aan die vermenging van veral die Europese en Asiatiese kulture blootgestel. "A foreign (Asian) and a parent culture (European) were transferred with cultural simplification to an unfamiliar landscape at the Cape", aldus Vos.[227] Deurlopende Asiatiese beïnvloeding is te verklaar aan die feit dat die Kaap vir die eerste tagtig jaar van sy bestaan onder die gesag van die Goewerneur-Generaal en Raad van Indië gestaan het en as onderdeel van die VOC se uitgebreide Oosterse handelsryk, direkte verbinding met die "hoofstad" en middelpunt Batavia gehad het. Voorts was beide Batavia en vanaf 1663 ook Ceylon, redelik vinnig en maklik oor die Indiese Oseaan bereikbaar [228] en kontak met die Ooste verhoudingsgewys meer intensief as met die afgeleë Nederland. Kultuuroordrag van die verskeie Indiese en Indonesiese kulture op die Europeërs in Kaapstad het veral deur middel van kontak met geskoolde Oosterse ambagslui, die huisslawe en die vryswartes (vry slawe) plaasgevind. Dit is verder versterk deur Kompanjiesamptenare wat reeds in Batavia deur dié kultuur beïnvloed is en ook met die koloniale kultuur van die VOC in die Ooste kontak gemaak het. Elemente van die Oosterse kultuur het veral in die Kaapse koskultuur, musiek en die Kaaps-Hollandse argitektuur neerslag gevind.[229] Die stedelike kultuur met beide Oosterse en Europese elemente is deur 'n verskeidenheid groepe, soos Kompanjiesamptenare, slawebesittende en nie-slawebesittende burgers, Chinese handelaars, Oos-Indiese bannelinge, ongeskoolde en geskoolde Oosterse en Afrikaslawe en ambagslui, sowel as vryswartes, gedeel. Die naasbestaan van al dié groepe binne 'n eiesoortige sosiale struktuur het 'n vervaging tussen 'n monopolistiese blanke heersersklas en 'n nie-blanke werkersklas tot gevolg gehad. Die onderskeid was in 'n groter mate merkbaar tussen 'n bepekte aantal gesiene hoëlui, soos Kompanjies- en skeeps-amptenare, koopmanne, slawebesittende burgers enersyds en tydelike, sowel as inwonende matrose, soldate, vryswartes, Chinese en slawe andersyds.[230] Nouer kontak tussen die slawe en 'n heterogene meestersklas, 'n groter mate van sosiale vloeibaarheid binne die stedelike milieu, sowel as bekering tot die Islam het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van 'n eiesoortige slawekultuur teen die einde van die agtiende eeu, wat veral deur elemente van die Asiatiese kulture en die Islam gekenmerk is. Hierdie slawekultuur was nie so dinamies soos dié wat die Afro-Amerikaanse slawegemeenskappe van die Nuwe Wêreld gekenmerk het nie.[231]

Binne die groter sosiale beweeglikheid van Kaapstad het die stedelike slaaf in privaatbesit ook makliker toegang tot vryheid gehad. Die moontlikheid van 'n eie verdienste waarmee vryheid uiteindelik gekoop kon word, het 'n positiewe invloed op die moraal en aspirasies van talle stedelike slawe gehad. 'n Groter mate van sosiale vloeibaarheid en kontak het ook bloedvermenging in die hand gewerk. In dié verband het groot slawegetalle, besoekende en

---

226 L. Townsend en S. Townsend, *Bokaap faces and façades*, p. 7.

227 H.N. Vos, *An historical and archaelogical perspective of colonial Stellenbosch, 1680 - 1860,* M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1993, p. 12.

228 P. van Dam, *Beschryvinge van de Oost-indische Compagnie II* (red. F.W. Stapel e.a.), p. 252.

229 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 167.

230 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 22.

231 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inwonende matrose, die garnisoen en 'n tekort aan Europese vroue aan die Kaap, 'n rol gespeel. 'n Belangrike faktor in die definiëring van die Kaapstadse sosiale en ekonomiese milieu was die sterk kommersiële, merkantiele aard van die Kaapse lewenswyse, wat veral sedert die eerste helfte van die agtiende eeu posgevat het. Die feit dat die sewentiende-eeuse Nederlanders oorwegend 'n handelsnasie was wat groot waarde aan geld, eiendom en wins geheg het, het waarskynlik 'n rol in dié verband gespeel. Vir die koopmansgemeenskap van die Verenigde Nederlande was geld en goedere wesenlike elemente in hulle daaglikse bestaan. Hierdie ingesteldheid is deur die Nederlanders na die Kaap oorgedra en sou sterk in die Kaapse samelewing manifesteer. Daarbenewens was Kaapstad, weens sy gunstige ligging op die seeweg van die VOC-retoervlote en buitelandse slawehandelaars, die ideale mark en handelsentrum vir plaaslike, sowel as buitelandse indiwidue. Die Kaapstadse handel het veral voordeel getrek uit die toegeeflikheid van die Kompanjie ten opsigte van die invoere van handelsware deur die Kaapse amptenare. Hierdie toegeeflikheid het nie ten opsigte van die Oosterse amptenare gegeld nie en uit vrees vir die konfiskasie van ongeoorloofde vrag, was amptenare verplig om gereeld ware aan die Kaap van die hand te sit. Die Kaapse amptenare was die vernaamste aankopers van sodanige ware, terwyl hulle vroue die herverkope hanteer het.[232] Die besit van 'n eie huis het 'n ideale geleentheid vir die verkoop van handelsware gebied. "The married servant of the Company is seldom content with his pay and emoluments and always tries to add a little to this income by private trading", aldus Mentzel oor die Kompanjiesamptenaar as privaathandelaar.[233] Op dié wyse het baie amptenare kapitaliste of "nachtwerkers" [234] geword, soos dit met die prominente slawebesittende VOC-amptenaar en boekversamelaar, Joachim von Dessin, in die agtiende eeu die geval was.[235] Wat die burgers betref, was hierdie handelsaktiwiteite nie-amptelik en meesal in die geheim deur hoofsaaklik die vroue bedryf. Die rede vir die klandistiene aard van dié handeldrywery is in die agtiende eeu deur Mentzel uitgespel: "All public trading is a strict monopoly of the Company. Private trade is therefore largely surreptitious, a variety of goods being kept in private house ..." [236]

By implikasie het die aard en lewenswyse van die slawebesittende Kaapstadse burger en amptenaar 'n invloed op dié van sy slawe gehad. Slawe sou aktief by die handelsbelange van hulle meesters betrokke wees. Die reeds vermelde handelsgeoriënteerde aard van die Kaapstadse burgers is deur besoekers, reisigers en skrywers opgeteken. Mentzel was van mening "that every man in town, be he a free burgher, or official, pasgänger, or free worker, yea, even a common soldier, is at the same time a huckster and a trader ... [237] Trade, therefore, may be considered a very important branch of the activities of the Cape inhabitants".[238] Teen die einde van die agtiende eeu is hierdie tendens deur John Stavorinus, John Barrow, sowel as Cornelius de Jong bevestig. Volgens Stavorinus het "[d]e meeste huisgezinnen aan de Kaap bestaan van den Koophandel die zij met de Schepelingen drijven, of met het houden van logement voor de scheeps officieren", [239] terwyl Barrow van mening was dat "[i]n fact, the

---

232 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 78.

233 *Ibid. II*, p. 75.

234 *Ibid. II*, p. 85.

235 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 55.

236 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 79.

237 *Ibid. II*, p. 75.

238 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 80.

239 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

minds of every class … were wholly bent on trade … money-matters and merchandize engross their whole conversation".[240] De Jong het opgemerk dat "[a]lle, die koeijen hebben, verkoopen melk, die tuinen hebben, groentens; geen huis is er bijna … of men vindt 'er iets te koop".[241] In die sewentigerjare van die agtiende eeu het die besigheidsin van die Kaapstadse inwoners ook die Sweed, Thunberg, opgeval wat van mening was dat alle Kaapstadse inwoners 'n besigheid bedryf het.[242] Beide Robert Percival en Robert Semple het ten tye van die Eerste Britse Besetting hierdie tendens bevestig. Terwyl Percival opgemerk het dat elke persoon aan die Kaap op een of ander wyse 'n handelaar was,[243] was Semple oortuig dat handel byna alle fasette van hulle lewe oorheers het. Idees en gesprekke was handelsgeoriënteerd, terwyl goeie vriende wins uit onderlinge verkope gemaak het. Die waarde van 'n goeie huisvrou is volgens haar kennis van die pryse van 'n verskeidenheid handelsartikels bepaal.[244] In haar waarnemings van die Kapenaars het lady Anne Barnard in 1797 tot die gevolgtrekking gekom dat die vrye tyd van die Kaapse mans in beslag geneem is deur verkope, aankope van besoekende skepe, seremonies en begrafnisse, "the two first they live by".[245]

Tydens die gevangehouding van die keiserlike Russiese sloep *Diana* van 1808 tot 1809 in die Simonsbaaise hawe, was die skeepsoffisier V.M. Golovnin verstom deur die ongekende alles oorheersende handelsdrif van die Kaapstadse burgers: "They consider that to make money is the main aim of their lives and therefore the majority of the townspeople are in business … It is possible that in the whole world there is no place where the tendency to commercial speculation and the desire for profit makes itself so evident as here." [246] 'n Negatiewe uitvloeisel hiervan was dat die inwoners van Kaapstad hulle aan finansiële uitbuiting van besoekende skeepslui skuldig gemaak het, wat aan die Kaap 'n slegte naam besorg en die inwoners as "schmousen" en skelms gebrandmerk het.[247]

Die handelsingesteldheid het ook die Kapenaars se benadering en siening van slawe beïnvloed. Afgesien van 'n paternalistiese verhouding tussen meester en slaaf, is die nut van enige slaaf op 'n ekonomiese waardepaling gebaseer waarbinne sentiment meesal nie 'n primêre rol gespeel het nie. Slawe was nes vee, implemente, meubels en huisitems verhandelbare goedere en die verkope daarvan op blote wins en voordeel ingestel. So was die slaaf in baie opsigte die slagoffer van dié handelsbeheptheid, soos die outeur van *Gleanings in Africa* in 1805 tereg opgemerk het: "Here there is an ever-shifting scene of all kinds of property, and the poor slave is destined to experience a similar transfer …" [248] Sekere Kaapse slawebesitters het slawe as die vernaamste vorm van rykdom beskou.[249] Selfs vryswartes was ook in besit van slawe.[250] Vir

---

240 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 48.

241 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 156.

242 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 36.

243 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 256.

244 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 33.

245 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 226.

246 V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), pp. 57 - 58.

247 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 75.

248 *Gleanings in Africa,* p. 60.

249 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 344.

250 K.A.B.: SO. 6/30, p. 63: Register of Slaves, 1824-10-19; SO. 6/30, p. 78: Register of Slaves, 1816-06-27; SO. 6/30, p. 79: Register of Slaves, 1816-06-27; SO. 6/12, p. 15: Register of Slaves, 1816-06-20; SO. 6/12, p. 6: Register of Slaves, 1816-06-21; SO. 6/12, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle was slawe die enigste vorm van eiendom wat hulle sonder veel komplikasies kon besit. Slawe was dus oor die algemeen waardevolle kommoditeite en slawebesit 'n weerspieëling van die eienaar se welvarendheid. Verlies van 'n slaaf deur weglopery of dood was 'n gevoelige finansiële slag vir die eienaar. Bewus van die waarde wat hy en sy medeslawe vir hulle eienaar gehad het, het 'n ouer gebelgde slaaf, wat hom in dubbele mate op sy onregverdige meester wou wreek, 'n onskuldige medeslaaf doodgesteek, "[because] he knew his Master loved his money better than his life, that by stabbing a Slave worth 1,000 dollars, and being hanged for it, he should be doubly revenged of him", aldus lady Anne Barnard.[251]

Buiten vir hulle sterk besigheidsin, is die lewenswyse van die Kaapstadse inwoners ook deur 'n matelose gemaksug gekenmerk. Dit het vanselfsprekend 'n invloed op die arbeid en lewenswyse van die slawe in hulle besit uitgeoefen. Slawe is in elke denkbare arbeidsfeer aangewend ingevolge waarvan hulle 'n onmisbare element in die Kaapstadse ekonomie en samelewing geword het. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat alle werk deur slawe gedoen is, [252] terwyl mevrou Kindersley deur haar waarnemings in 1765 oortuig is dat die Kapenaars nie juis arbeidsaam was nie en alle arbeid aan die slawe oorgelaat is.[253] In 1792 het De Jong insiggewende kommentaar op die gemaksug van die Kapenaars gelewer:

> In het karakter van de inwooners heb ik u reeds doen opmerken hunne trek tot gemak, die gedeeltelijk uit trotscheid, om zich niet met den slaaf gelijk te stellen, en nog meer uit eene natuurlijke neiging voortvloeid. Over het geheel ken ik geen menschen, die sterker eten, sterker drinken en meer slapen ... Maar geene ambachtslieden werken. De slaven doen alles.[254]

Die kritiese Barrow was van mening dat die inwoners van Kaapstad "an idle dissolute race of men" is wat slegs 'n bestaan uit die arbeid van hulle slawe kon maak,[255] terwyl Percival die Kapenaars se lewe onvleiend as "a most lamentable picture of laziness and indolent stupidity" beskryf het.[256] In 1813 het John Campbell beweer dat die Kapenaars, juis vanweë die feit dat hulle baie slawebediendes gehad het, oor die algemeen baie slaap en bra min doen.[257] Die outeur van *Gleanings in Africa* het hierdie "inactivity and indolence" ook aan die gemaklike wyse waarop hulle deur hulle slawe onderhou is, toegeskryf.[258] In 1825 het Teenstra hierdie gegewe bevestig deur op te merk dat, "door de veelheid der slaven, waarvan men zich hier tot in het geringste bedienen laat, leven de Kapenaars lui en lekker, en oefenen een onbepaald gezag op hunne zwarte onderdanen uit".[259]

---

[251] Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a. ), p. 300.

[252] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90.

[253] Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies*, p. 65.

[254] C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 147 - 148.

[255] J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 387.

[256] R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 255.

[257] J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 321.

[258] *Gleanings in Africa*, p. 66.

[259] M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 372.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit voorgaande getuienis van 'n verskeidenheid waarnemers is dit voor-die-hand-liggend dat slawe 'n onmisbare rol in die bereiking en handhawing van die handelsgeoriënteerde en gemaksugtige lewenswyse van die welvarende Kaapstadse inwoners gespeel het. Die outeur van *Gleanings in Africa* het tereg opgemerk dat die slawe in wese die families in wie se diens hulle hulle bevind het, onderhou het en dat die goud in die sakke van hulle eienaars, die gedistilleerde produk van slawesweet was.[260]

Om die impak van die slawe op die Kaapstadse samelewing beter te verstaan, is dit nodig om 'n oorsig oor die slawegetalle in Kaapstad, sowel as in die huishoudings te gee. In 1662 was slegs drie slawe in vryburgerbesit,[261] maar teen die begin van die agtiende eeu het die slawe van dorpsburgers die Kompanjieslawe in getalle begin oortref. Teen die middel van die agtiende eeu was ongeveer 'n derde van alle slawe wat in Kaapstad gevestig was, in diens van die VOC. Gedurende die sewentiende eeu was die aantal slawe in besit van Kaapstadse burgers gering. Teen 1760 het hierdie slawe reeds 'n kwart van die totale slawebevolking van die Kaapkolonie uitgemaak [262] totdat hulle met die beëindiging van Kompanjiesbeheer in 1795, reeds 97% van die totale slawebevolking van 17 313 aan die Kaap verteenwoordig het.[263]

Die aantal slawe per Kaapstadse huishouding is deur die status en welvarendheid van die eienaars bepaal. Uit navorsing van Nigel Worden blyk dit dat daar in 1752 'n gemiddeld van vier volwasse slawe per Kaapse huishouding was. Tot 1770 het die meerderheid Kaapstadse huishoudings minder as vyf volwasse slawe gehad, terwyl 'n kwart van dié burgers slegs een slaaf gehad het. Daarbenewens het Worden bevind dat die gemiddelde aantal slawe per huishouding in Kaapstad minder as op die platteland was.[264] Uit die waarnemings van besoekers en reisigers aan die Kaap blyk dit dat daar veral teen die tweede helfte van die agtiende eeu heelwat meer slawe in die meer gegoede Kaapstadse huishoudings was. Dit het ten nouste met status en gerief verband gehou. In sy sinisme teenoor die weelde en spandabelheid van sekere Kapenaars, het De Jong in die laat-agtiende eeu opgemerk dat daar weinig huise aan die Kaap was "waar men ten minste geen tien of twaalf slaven zal vinden",[265] terwyl Barrow in dieselfde tyd van nog meer slawe per huishouding bewus was: "... yet it is not unusual to find from twenty to thirty [slaves] in one house." [266] Volgens Robert Percival het die slawe in die Kaapstadse huishoudings tussen tien tot vyftien en selfs twintig gewissel.[267] In 1806 het Hudson opgemerk dat selfs die stedelike huishouding van 'n jonggetroude Kaapse paartjie tien, twaalf en soms twintig slawe gehad het.[268] Die gegoede Kaapstadse burger Joachim von Dessin het teen die middel van die agtiende eeu agt volwasse en vyf kinderslawe in sy

---

260 *Gleanings in Africa,* p. 66.

261 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 23.

262 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 37.

263 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 202.


264 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* pp. 37 - 38.

265 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 143.

266 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p . 46.

267 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope,* p. 283.

268 R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.




**Figuur 12:** Kaart van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek waarbinne 'n groot aantal plaasslawe hulle bevind het.

Uit: R. Ross, *Cape of Torments* (London, 1983), p. 126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huishouding gehad.[269]

Beide Kompanjieslawe en slawe in privaatbesit het 'n belangrike rol in Kaapstad as die administratiewe setel en handelsentrum van die Kolonie gespeel. Alhoewel arbeid oorwegend die lewering van dienste behels het, was 'n aansienlike aantal geskoolde slaweambagslui in Kaapstad gevestig. Die Kaapstadse slaaf het hom binne 'n meer vloeibare, multi-kulturele sosiale opset met 'n sterk handelsgeoriënteerde karakter bevind. In die meer beperkte milieu van die eienaar se huishouding het die arbeid van die privaatslaaf rondom die huishoudelike en besigheidsbelange van sy meester gewentel en het die woonplek, temperament, beroep en welvarendheid van die eienaars 'n belangrike invloed op die lewenskwaliteit en lewenswyse van die slawe uitgeoefen. Alhoewel geen aspek van slawerny goed te praat is nie, is dit uit die dagboeke en reisbeskrywings af te lei dat die slawe in Kaapstad oor die algemeen 'n beter lewe as hulle broers en susters op die plase gevoer het. Tydens die Eerste Britse Besetting het Percival onder meer opgemerk dat "the domestic slaves of Cape Town live equally happy as our own [British] servants, and only retain the name of slaves ... but I must say of the people of Cape Town , that they treat them well in comparison to the farmers and planters of the country parts ..." [270]

## *2. Die landelike akkerboustreke van die Suidwes-Kaap*

Die vestiging van die vryburgers langs die Liesbeekrivier was die eerste stap in die oorgang van die Kaap van 'n verversingstasie na 'n kolonie. Mettertyd sou die uitbreiding van veral die akkerbou in die Suidwes-Kaap tot 'n groeiende boerderygemeenskap aanleiding gee wat by implikasie tot 'n toename in slawegetalle sou lei. Teen die agtiende eeu sou die meerderheid slawe in die Kaapkolonie in die meer gegoede akkerboustreke met sy arbeidsintensiewe ekonomie gevestig wees **(Fig. 12)**. In die dertigerjare van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat die uitbreiding van die Kaapkolonie toenemend meer slawe vereis het en dat elke boer heelwat meer slawe as lede van sy huishouding benodig het om by die verbouing van gewasse en ontwikkeling van die plaas betrokke te wees.[271] Teen 1773 was twee derdes van die slawe in die Kolonie op plase gevestig. Hiervan was 4 298 slawe in besit van die wingerd- en graanboere van die Suidwes-Kaap, terwyl slegs 1 850 slawe in besit van die veeboere in die afgeleë binneland was.[272] Die geografiese milieu van die landelike akkerbougebied waarbinne die betrokke slawe hulle bevind het, het oorwegend die onmiddellike hinterland van Kaapstad sowel as die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte, wat deur die sogenaamde Kaapse sandvlaktes van Kaapstad geskei is, ingesluit. Die graanboere het hulle hoofsaaklik in die omgewings van Zwartland (Malmesbury), Blouberg, Koeberg, Vier-en-Twintig-Rivieren, Roodezand (Tulbagh), Tygerberg [273] en langs die Breërivier bevind, terwyl die meer welgestelde wingerdboere oorwegend by Constantia, Stellenbosch en al langs die Bergrivier tussen Franschhoek en die Paarl gevestig was.[274] In die vroeë negentiende eeu het veral

---

[269] J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 60 - 67.

[270] R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 292 - 293.

[271] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II,* p. 126.

[272] R. Ross, *Cape of Torments,* p. 25.

[273] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 29.

[274] G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III,* (red. V.S. Forbes), pp. 165 - 167; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I,* pp. 117 - 118.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wamakersvallei (Wellington) sekere reisigers as 'n besonder vrugbare gebied, waar veral wyn en vrugte verbou is, opgeval. [275]

Alhoewel nie alle akkerbouboere ryk was nie, het talle slawe hulle nogtans in diens van 'n hele paar welgestelde meesters bevind. Teen 1690 het 'n paar akkerbouboere hulle rykdom aan die "pachtstelsel", die vrugbare grond en goedkoop slawearbeid te danke gehad. Teen die einde van die agtiende eeu was die huise van die wingerdboere reeds mooier as dié van die dorpsburgers. Die "pachtstelsel" het basies die verkoop van die voorsieningsreg van basiese kommoditeite, soos vleis en wyn, aan die hoogste bieër behels. Die suksesvolle bieër moes vir 'n bepaalde tyd en teen 'n vasgestelde prys as leweransier van die Kompanjie optree. Die pagters het boonop die alleenreg in die handel van die betrokke kommoditeite geniet. Aangevuur deur dié sterk finansiële dryfveer, het die paghouers hulle produksie opgestoot en in die proses ook die aantal slawe in hulle besit vermeerder.[276] In 1825 het sommige vooruitstrewende boere vyftig, tagtig tot honderd en selfs meer slawe en slavinne in besit gehad.[277]

Buiten die voordele van die pagstelsel, sou die vrugbare grond van die akkerboustreek ook 'n rol in die toenemende welvarendheid van die boere in die streek speel. In die vroeg-agtiende eeu het Abraham Bogaert 'n liriese beskrywing van die Kaapse gewasse gegee,[278] terwyl William Bird Stellenbosch in 1822 as letterlik een groot vrugteboord en wingerd beskryf het. Volgens hom was daar min plekke in die wêreld waar die vrugte in Januarie en Februarie só oorvloedig en van soortgelyke goeie kwaliteit was.[279] Die vrugbare aarde sou die tempo waarteen die akkerboere ryk geword het, aansienlik versnel. Volgens J.G. de Grevenbroek (1644 - 1725) het 'n sekere boer, wat in 1672 so arm soos 'n kerkmuis aan die Kaap gekom het, so vinnig opgang gemaak dat hy in 1695 reeds in besit van drie plase, agtduisend stuks vee en dertig slawe was.[280] Hinrich Lichtenstein verwys in dié verband ook na J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht wat 108 slawe in sy diens gehad het wat meer was as wat enige ander indiwidu tot op daardie stadium aan die Kaap besit het.[281] Volgens dominee François Valentyn was byna alle welgestelde boere by hulle aankoms aan die Kaap "naak en arm" en was een van die groot suksesverhale dié van die vleispagter Henning Hüsing wat volgens Valentyn van "een verken- of schaapenhoeder" gevorder het tot die eienaar van verskeie plase, waaronder die pragtige Meerlust en etlike mooi huise, sowel as kapitaal van 100 000 riksdaalders.[282] Teen 1701 het Hüsing reeds 72 slawe, talle vee en omvangryke wingerde gehad.[283] Die rede vir sy fenomenale rykdom is heelwaarskynlik daaraan toe te skryf dat hy en 'n vennoot die kontrak vir vleislewering aan die Kompanjie en later ook aan die vryburgers verkry het en dat hy vanaf 1685 tot 1707 die enigste slagter aan die Kaap was. Mentzel vermeld in die 1730's die bestaan

---

275 H. Lichtenstein, *Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 119.

276 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 104.

277 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 397.

278 A. Bogaert, Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia, *in* R. Raven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702*, p. 481.

279 W.W. Bird, *State of Cape of Good Hope in 1822*, p. 174.


280 I. Schapera en B. Farrington, *The early Cape Hottentots: Described in the writings of Olfert Dapper (1688), Willem Ten Rhyne (1686), and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*, p. 279.

281 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.


282 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 186.

283 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 104.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 13:** Constantia, volgens 'n potlood-en-waterverf tekening deur E.V. Stade in 1710, tans in besit van die Nederlandsche Topografische Dienst te Delft.
Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 31.




**Figuur 14:** Constantia in 1741, volgens 'n kopergravure deur Johann Wolfgang Heydt.
Uit: Raven-Hart (red.), *Scenes of the Cape of Good Hope in 1741 as drawn by Johann Wolfgang Heydt* (Kaapstad, 1967), p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van welgestelde boere aan die Kaap,[284] terwyl Teenstra in die eerste helfte van die negentiende eeu die materiële welvaart van die Kaapse boere bevestig: "... door de bestendige rijzing der landelijke produkten, en dien ten gevolge de meerdere waarde hunner plaatsen, zijn de Kaapsche landlieden schatrijk Geworden." [285]

Dit was veral tydens die tweede helfte van die sewentiende eeu dat indrukwekkende plase langs die heuwels aan die voet van Duiwelspiek, die Bosberge en die Steenberge van die Kaapse Skiereiland ontstaan het. Oorkant die sandvlaktes op die hoërliggende gebiede langs die walle van die Kuils-, Eerste- en Bergriviere, sowel as in an die Kuils-, Eerste- en Bergriviere, sowel as in die valleie aan die voet van die Hottentots-Holland-, Herder-, Jonkershoek- en die Drakensteinberge is pragtige plase aangelê,[286] danksy die arbeid van groot getalle slawe. Hierdie onbetaalde arbeiders sou die ruggraat van die arbeidsintensiewe landbou-ekonomie van die Suidwes-Kaapse akkerboustreek vorm. Hulle aandeel in die opbou van hierdie plase deur die bewerking van die grond, die produksie van gewasse, die maak en onderhoud van implemente en die bou van opstalle was 'n belangrike bydraende faktor tot die welvaart van hulle meesters. Plase wat veral die aandag van besoekers en reisigers getrek het, was onder meer Constantia, Vergelegen, Elsenburg en Meerlust. In dié opsig kan Constantia **(Fig. 13 & 14)** as een van die grootste en mooiste wynplase van die akkerboustreek uitgesonder word.

Na deeglike grondtoetse deur Simon van der Stel, is 762 hektaar uitgesoekte grond in 1685 deur kommissaris H.A. van Rheede aan hom toegeken.[287] Van der Stel het die plaas na sy vrou, Constantia [288] vernoem en in 1692 'n herehuis laat bou. Met behulp van slawearbeid is wingerde aangelê, terwyl oor die 8 000 vrugte- en eikebome aangeplant is. In sy privaat hoedanigheid het Van der Stel op groot skaal slawe aangekoop en, soos blyk uit die *Transporten en Scheepenkennisse*, was daar van 1679 tot 1700 ongeveer vyftig aktes waarin Simon van der Stel òf die koper òf die verkoper van slawe was.[289] In 1709 was hy in besit van 42 slawe, 14 slavinne en vier slawekinders.[290] Dat hy wel 'n goeie slawe-eienaar was, spreek uit die afwesigheid van hofsake, sowel as die aantal vrystellings waarvoor hy in sy testament voorsiening gemaak het.[291] Constantia-wyne sou vir drie eeue lank wêreldbekend wees en deur talle reisigers en besoekers besing word.[292] Sonder slawearbeid sou die totstandkoming en onderhoud van die plaas nie moontlik gewees het nie. Nog 'n plaas wat vermelding verdien, is

---

284 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 98.

285 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 262.

286 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 232 - 233.

287 A.J. Böeseken, Simon van der Stel en sy kinders, pp. 206 - 223; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 33; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, pp. 50 - 51.

288 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 418.

289 A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 55.


290 M.P.S. van der Merwe, *Die alledaagse lewe op Groot Constantia tussen die jare 1685 - 1885*, M.Litt et Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1987, pp. 38 - 43.

291 *Ibid.*, pp. 59 - 60.

292 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 192 en 196; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, pp. 124 - 125; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 111; W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 171; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 62 - 63; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies*, p. 64; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 181; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 421 - 422.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 15 a:** Vergelegen, soos afgebeeld deur J.V. Thiel in die klagstaat van die vryburgers teen Willem Adriaan van der Stel in 1707. Ongetwyfeld 'n spogplaas, danksy die arbeid van onder meer privaat- en Kompanjieslawe. 'n Heenkome vir ontevrede gedroste slawe onder die eienaarskap van Van der Stel, maar ook skrikwoord onder die latere plaaseienaar en sadistiese slawebesitter van Duitse afkoms, Michael Otto. Let op die slawewoning regs, voor.


Uit: E.C. Godée Molsbergen en J. Visscher (samestellers), *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 37.




**Figuur 15 b:** Uitleg van Vergelegen, soos deur Dorothea Fairbridge uiteengesit.

Uit: D. Fairbridge, *Historic houses of South Africa* (London/Cape Town, 1922), p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 16:** Die plaas Elsenburg van Martin Melck aan die Eersterivier, soos afgebeeld deur die Nederlandse litograaf, J.C. Poortermans. Die ambagslui op Elsenburg was oorwegend duur Oosterse slawe wat Melck 'n aansienlike bedrag uit die sak gejaag het.

Uit: J.C. Poortermans, *A series of litographic drawings, containing views, characters, plants, etc., of the Cape of Good Hope* (Kaapstad, 1835), n. p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoop op Constantia. Nadat Simon Pieter de Meyer in 1716 die oorblywende 38 hektaar van Klein Constantia aan Jan Jurgen Coetzee verkoop het, sou hierdie deel van Klein Constantia voortaan as Hoop op Constantia bekend staan. Coetzee se weduwee het in 1718 met Johannes Colijn in die huwelik getree en in haar testament die plaas aan haar man, Colijn, bemaak. Saam met sy tweede vrou, Johanna Appel, en by hande van talle slawe is Hoop op Constantia oor 'n tydperk van vyftig jaar tot 'n spogplaas opgebou.[293] In 1776 het die plaas in die hande van hulle seun Johannes Nicholaas Colijn oorgegaan. Uit sy memoriaal wat hy in 1789 saam met dié van Hendrik Cloete aan die Heeren XVII voorgelê het en waarin hulle teen die gedwonge verlaagde prys van wynverkope aan die Kompanjie beswaar maak, kan afgelei word dat daar 52 bekwame slawe in sy diens was.[294] In 'n volledige uiteensetting van die koste verbonde aan wynproduksie, blyk dit dat die onderhoud van sy slawe hom jaarliks 'n aansienlike bedrag uit die sak gejaag het.[295] Die spog, maar omstrede plaas Vergelegen **(Fig. 15 a of 15 b)** in die Hottentots-Holland-omgewing is in 1700 deur die besoekende kommissaris Wouter Valkenier (1659 - 1710) aan goewerneur Willem Adriaan van der Stel toegeken. Met behulp van sy eie tweehonderd slawe, sowel as ongeveer honderd manlike en vroulike Kompanjieslawe,[296] militêre personeel en herstellende matrose is Vergelegen tot 'n spogplaas opgebou wat in die vroeë agtiende eeu deur Mentzel met 'n klein Europese prinsdom vergelyk is.[297] Die plaas, wat veral gespog het met 'n pragwoning,[298] 'n parshuis, skaap- en perdestalle, 'n slawewoning, 'n graanskuur, werkswinkels,[299] 'n koetshuis en 'n koringmeule, het spoedig 'n doring in die vlees van die vryburgerboere geword weens die ongeoorloofde aanwending van Kompanjies-personeel, sowel as die selfverryking en -bevoordeling van die goewerneur en sy amptenaarsvriende, soos Bogaert opgemerk het: "... die den naam van Vergelegen draagt, en den voortplantelingen byster in 't oog Steekt."[300] Onder W.A. van der Stel was Vergelegen origens 'n ideale heenkome aan slawe wat nie met die behandeling van hulle meesters tevrede was nie.[301] Na die ontslag en vertrek van W.A. van der Stel in 1708, is Vergelegen verdeel en as vier afsonderlike plase verkoop. Die deel wat die naam Vergelegen behou het, is deur Barend Gildenhausen gekoop. Na sy dood het dit in besit van sy weduwee se nuwe man, die Duitser Michael Otto, gekom. Tydens sy eienaarskap sou Vergelegen 'n skrikwoord onder slawe wees, weens sy ongenaakbare behandeling en brutale mishandeling van slawe.[302]

Die plaas Elsenburg **(Fig. 16)** is in 1698 aan Samuel Elsevier, die sekunde van W.A. van der Stel, toegeken. In 1754 het dit die eiendom van die merkwaardige Martin Melck geword wat aanvanklik 'n kneg in diens van Jacob Cloete was en in 1750 'n vryburger geword het. Hierna het hy twee plase gekoop en met die welgestelde weduwee Giebeler, wat in besit van 'n deel van Elsenburg was, getrou. In 1754 het hy die ander deel van Elsenburg gekoop. Teen 1776 het Melck 200 slawe, 1 300 stuks bees en 200 000 wingerdstokke besit. Melck het ook die

---

293 J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 51.

294 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, I: Hendrik Cloete memoriaal, 1789, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 320 - 326.

295 *Loc. cit.*

296 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 496.

297 O.F. Mentzel, A *geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 46.

298 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 472.


299 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732: The defense of W.A. van der Stel, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 196 - 197.

300 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I*, p. 102.

301 *Ibid. III*, p. 501.

302 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 55.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 17:** Die Meerlust-plaasopstal, volgens 'n akwarel in 1798 deur Johann Christian Friderici, kartograaf en landmeter aan die Kaap in die tweede helfte van die agtiende eeu, met die slawekwartiere (die gebou met die skoorstene links, agter) en die slaweklok duidelik sigbaar.

Uit: C. Jansen en S. Simson, *50 Cape Dutch houses* (Kaapstad, 1981), pp. 6 - 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

monopolie in die wyn- en drankhandel gehad.[303] Ten spyte van die feit dat hy nie kon lees of skryf nie, was hy teen die middel van die agtiende eeu die rykste boer aan die Kaap. Die ambagslui op Martin Melck se plaas was hoofsaaklik Oosterse slawe wat hom 'n aansienlike bedrag gekos het.[304] Een van die slawe was 'n bedrewe ystersmid wat Melck 1 500 riksdaalders of 36 000 gulden uit die sak gejaag het.[305] Hierdie slaaf was heelwaarskynlik ook vir die pragtige smee-ystertraliewerk van die huis se voordeur verantwoordelik. Dit sou later na die voordeur van Groote Schuur verskuif word.[306]

Daar is reeds van Henning Hüsing en sy plaas Meerlust melding gemaak. Meerlust verdien vermelding in die beskrywing van spogplase, wat danksy innoverende eienaars en goedkoop slawearbeid, tot stand gekom het. Hierdie plaas, wat aan die Eersterivier in die Stellenbosse omgewing geleë is, is in 1702 aan die vleispagter Henning Hüsing toegeken. Hy het Meerlust spoedig met behulp van slawe tot 'n spogplaas opgebou wat in die vroeë agtiende eeu reeds 100 000 wingerdstokke gehad het.[307] Tydens 'n besoek van Hinrich Lichtenstein in 1804 aan die plaas was dit reeds in besit van Philip Meyburg. Uit die waarnemings van Lichtenstein kan afgelei word dat Meerlust 'n toonbeeld van 'n geslaagde akkerbouplaas en 'n effektiewe selfversorgende eenheid was en dat beide die akkerbou- en ambagslawe op dié plaas 'n belangrike rol in die verband gespeel het.[308] Daarbenewens het Meyburg sy ambagslawe uitgehuur om op die omliggende plase as messelaars, smede, wabouers, meubelmakers en kleremakers te werk.[309] Die teenwoordigheid van slawe wat op Meerlust geswoeg en gesweet het is af te lei uit 'n akwarel wat Johan Christian Friderici in 1798 van die Meerlust-plaasopstal gemaak het en waarop die slaweklok en slawekwartier duidelik sigbaar is **(Fig. 17)**. In die binneplasies van die duiwehok het die slawe vir ontspanning hulle hanegevegte gehou.[310]

Die plaas Libertas van Adam Tas, 'n neef van Henning Hüsing, is van belang, aangesien die dagboek van Adam Tas 'n interessante beeld gee van die sosiale lewe van die plattelandse Stellenbosse gemeenskappie, sowel as die daaglikse boerdery-aktiwiteite waarby die plaasslawe op 'n gemengde akkerbouplaas in die vroeë agtiende eeu betrokke was.[311] Bowenal is dit die beskrywing van 'n gegoede lewenswyse wat afhanklik was en moontlik gemaak is deur die besit van slawe. Deur sy huwelik met die weduwee Grimpe, het Tas in 1703 die eienaar van 'n stuk grond naby Stellenbosch geword waarop hy beide graan en wingerd verbou het. Volgens sy dagboek was daar in 1705 veertien mansslawe, een slavin en twee jong slavinnetjies in sy diens. Hy was daarbenewens in besit van 6 perde, 48 osse, 25 kalwers, 40 varke en 800 stuks skaap. Saam met die gehuurde werksvolk sou die veertien mansslawe verantwoordelik wees vir

---

303 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* pp. 68 - 69.

304 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I,* pp. 52 - 53.

305 *Ibid.,* p. 62.

306 Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17; C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 69.

307 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 186.


308 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 138.

309 *Loc. cit.*

310 C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms,* p. 72; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa,* p. 99.

311 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 1 - 403.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 18:** 'n Tipies gediversifiseerde Kaapse koring, wyn en veeplaas, volgens 'n skildery deur kaptein Robert Jacob Gordon (1743 - 1795), bevelvoerder van die Kaapse garnisoen. Oorspronklike kunswerk in die Gordon-atlas, Rijksprentenkabinet, Amsterdam.

Uit: E.C. Gordée Molsbergen, *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II* ('s-Gravenhage, 1916), p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die versorging van die 25 000 wingerdstokke, die maak van wyn, sowel as die saai en oes van koring, rog en gars.[312]

Die meeste plase was, wat produksie betref, gediversifiseerd **(Fig. 18)**. Die primêre funksie van die Kaap as voedselverskaffer aan VOC-skepe het 'n belangrike rol in die vestiging van gediversifiseerde boerdery aan die Kaap gespeel.[313] Op die meeste plase sou slawe ingespan word om die gemengde akkerbou met oorwegend koring en wingerd te laat slaag, terwyl hulle ook gemoeid was met die produksie van groente, vrugte, vleis en suiwel vir huishoudelike gebruik, sowel as 'n addisionele inkomste vir hulle meesters.[314]

Teen die middel van die agtiende eeu was koring die belangrikste akkerbougewas.[315] Volgens Mentzel was die kwaliteit van koring wat in dié tyd aan die Kaap verbou is, "unequalled anywhere in the world".[316] Rondom 1800 was die wingerdboere meer welvarend as die graanboere, maar die afskaffing van die oseaniese slawehandel deur die Britse Parlement in 1808, wat slawepryse die hoogte laat inskiet het, die depresiasie van die plaaslike geldeenheid, die toename in belasting en die fluktuasie in wynaanvraag op die Europese mark, het 'n demper op die algemene welvaart en finansiële voorspoed van dié boere geplaas.[317]

In die akkerboustreke van die Suidwes-Kaap sou plaasslawe oorwegend in diens van redelik beskaafde, vermoënde en selfs skatryk boere wees. Hierdie boere het, net soos die stedelinge van Kaapstad, heel gerieflik en tot 'n mate gemaksugtig geleef, soos Robert Percival gedurende die Eerste Britse Besetting opgemerk het: "A farmer seldom labours himself, but leaves all to his slaves." [318] As gevolg van bepaalde faktore is die Europese kultuur van hulle boeremeesters vinniger deur die slawe in die akkerboustreke opgeneem as wat in Kaapstad die geval was.[319] Ten eerste was die arbeidsintensiewe Suidwes-Kaapse akkerboustreke geïsoleer van nuwe mense en idees en was daar, weens die beperkte aantal slawevrystellings in dié gebied, nie 'n groot groep vryswartes wat weg van hulle meesters hulle eie lewenswyse kon handhaaf nie. Ten tweede was daar geen enkele homogene etniese of kultuurgroep onder die akkerbouslawe binne 'n bepaalde geografiese plek gevestig nie. Slawe met 'n groot diversiteit wat afkoms, taal en kultuur betref, was eweredig onder die wydliggende boererygemeenskap van die akkerboustreke versprei. Dit het die vorming van 'n gemeenskaplike slawekultuur uitgesluit. Ten derde was veral die huisslawe daagliks in noue kontak met die lewenswyse van hulle meesters en meesteresse van Europese afkoms en was beide partye, as gevolg van die isolasiefaktor, meer op mekaar aangewese as wat die geval in Kaapstad was.

In die akkerboustreke was daar 'n betreklike balans in die numeriese verhouding tussen die geslagte van die blanke boerderygemeenskap wat tot die vorming van stabiele Europees-georiënteerde gesinsstrukture aanleiding gegee het en die neiging tot bloedvermenging beperk

312 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 244 - 245.

313 *Ibid.*, pp. 240.

314 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 239; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25.

315 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 239.

316 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 111.

317 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), pp. 91 - 92.

318 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

319 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 168, 172 - 173.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het.[320] Slawe is spoedig in die Europese kultuur opgeneem, maar nie in die kerk- en vryburgergemeenskap nie. Die plaasslaaf wat hom binne die akkerboustreke van die Suidwes-Kaap bevind het, het hard gewerk. Van vroeg tot laat moes hy deur vermoeienis en harde fisiese arbeid spook om in al die eise wat die akkerbouplaas van sy meester op arbeidsgebied aan hom gestel het, te voldoen.[321] Daarbenewens het plaasslawe 'n meer geïsoleerde lewe as die dorpsslawe gevoer. Juis omdat die meesters nie so direk onder die oog van die Kaapstadse owerhede was nie, het gevalle van slawemishandeling wel voorgekom, soos die geval van Michael Otto van Vergelegen.[322] John Barrow, 'n uitgesproke kritikus van slawerny wat nie juis goeie woorde vir die koloniste gehad het nie, was oortuig dat die akkerbouslawe hulle beslis in 'n onvriendeliker milieu as die dorpslawe bevind het: "The field slaves belonging to the farmers are not, however, nearly so well treated as those of the town ... they are ill-clothed, work extremely hard and are frequently punished with the greatest severity." [323] Plaasslawe moes hulle plek ken en die verhouding tussen meester en slaaf is deur 'n sterk paternalisme gekenmerk. Die baas-klaas-situasie was ferm gevestig. Enige slaaf wat gewaag het om die sisteem uit te daag, het die slegste daarvan afgekom.

Goedkoop slawearbeid in die arbeidsintensiewe akkerbou-ekonomie van die Suidwes-Kaap sou talle boere in staat stel om vinnig ryk te word. Slawesweet sou die welvarendheid van die meesters in die hand werk. Afgesien van hulle bydrae op landbougebied, is die pragtige Kaaps-Hollandse plaasopstalle die werk van slawehande, 'n konkrete bewys van bekwame slaweambagslui wat die idees en opdragte van hulle meesters met iets van hulle eie uiters knap tot uitvoering gebring het. Alhoewel hulle lewensomstandighede in baie gevalle nie na wense was nie en hulle weens isolasie en die daarmee gepaardgaande gebrek aan sosiale kontak hulle slawebroers in die stad beny het, was hulle nogtans beter daaraan toe as die plaasslawe in die afgeleë binneland.

### *3. Die afgeleë veeboerstreke van die binneland*

Dié streek waarbinne slawe hulle bevind het, het die plase ten noorde en ooste van die Kaap-Stellenbosch-Drakenstein gebiede behels. 'n Belangrike faktor in die migrasie na die binneland was die dramatiese groei in veeboerdery tydens die agtiende eeu. Met die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreke deur bees- en skaapboere, het die veeboergetalle in die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte aansienlik gegroei en het die nuwe distrikte Swellendam en Graaff-Reinet tydens die VOC-bewind uitsluitlik veeboerstreke verteenwoordig.[324] Die toename in veeboerdery is in die hand gewerk deur die beperkte geografiese en ekonomiese potensiaal van die akkerbou, sowel as die beskikbaarheid van grond in die vorm van leningsplase.[325] Die migrasie na die binneland is versnel deur die toenemende ontevredenheid met die beperkende handelsbeleid van die VOC, die toegelate veehandel met die inboorlinge, die dringende behoefte aan weiding vir die groeiende veekuddes, sowel as die wete dat voedselvoorrade in krisistye deur die jag van wild

---

320 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 173.

321 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

322 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 59 - 60.

323 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 109.

324 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 27.

325 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 67; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangevul kon word.[326] Met die toename in afstand vanaf Kaapstad het die bevolkingsdigtheid van beide boere en slawe afgeneem.[327] Alhoewel in kleiner getalle, het heelparty slawe hulleself spoedig saam met hulle meesters in die binneland bevind. Die veeboer het 'n minder ekstenstiewe arbeidsmag benodig en weens die armoede van sommige boere in die afgeleë gebiede is daar hoofsaaklik van die Khoikhoi, wat bekwame veewagters is, gebruik gemaak. Deur die inboekstelsel het die eienaars ook arbeid van en beheer oor die "baster-hottentotte", wat die kinders van slawemans en vry Khoikhoivroue was,[328] verkry.

Die lotgevalle van die binnelandse plaasslaaf sou in direkte verband tot die boerebestaan in die onderskeie gebiede wees. Die lewenswyse, -kwaliteit en arbeid van beide boer en slaaf is hoofsaaklik bepaal deur die mate van isolasie waaraan hulle blootgestel was (die afstand van Kaapstad en kontak met markte), die klimaatsomstandighede en die vrugbaarheid van die grond en geskikte weiding wat die tipe boerdery bepaal het, sowel as die leenpagstelsel wat vir talle trekboere 'n semi-nomadiese of nomadiese lewenswyse ingehou het.

Die Khoikhoi het oor 'n deeglike kennis van die land, sy bodemgesteldheid en klimaat beskik en mettertyd sou die binnelandse boere en slawe 'n sekere deel van die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi aanvaar. Khoikhoi-invloed is voorts in die hand gewerk deur hulle teenwoordigheid as veewagters, boodskappers, plaasarbeiders en huisbediendes op die binnelandse plase. Hierdie faktore, sowel as die beperkte kontak met Kaapstad en Europese invloed, het daartoe gelei dat in die binneland 'n saamgestelde kultuur, waarin die Khoikhoi-invloed sterker as die Asiatiese slawekultuur was, ontwikkel het. Die binnelandse veeboer en sy slawe het sekere aspekte van die Khoikhoikultuur oorgeneem, soos die afbrand van die veld om dit te verbeter, die bêre van melk in velsakke, die droog van repe wildsvleis aan takke en oor bossies (biltong), die dra van velskoene, die gebruik van waterwerende rietmatjies as skerms voor vensters en deure, sowel as die bewoning van onder meer matjieshuise deur sommige nomadiese trekboere. Daar is egter sekere aanpassings ten opsigte van die Khoikhoiveeboerdery gemaak, soos die beheer van skaapteelt, die grootskaalse slag vir eie gebruik, sowel as die toepassing van intensiewer weipraktyke.[329]

Teen die middel van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat die boere in die afgeleë noordoostelike streke min slawe besit het, [330] terwyl Hendrik Swellengrebel (1734 - 1803)[331] tydens sy binnelandse reis in 1776 byna geen slawe in die Sneeuberg- en Kamdebo-omgewing opgemerk het nie. Hy het wel waargeneem dat Khoikhoi-arbeiders met beeste vergoed is.[332] Die geleidelike demografiese verval van die herdersvolke het baie Khoikhoi tot plaasarbeid gedwing. Die semi-nomadiese veeboer van die grensgebiede het eerder van Khoikhoi as slawe gebruik gemaak. Die ekstensiewe aard van die boerdery, sowel as die gebrek aan kapitaal om

---

326 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 20; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century,* pp. 13 en 67.

327 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 169.

328 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 81.

329 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820,* pp. 169 - 170.

330 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 84.

331 C.J. Beyers en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 798.

332 V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa,* p. 68.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe te bekostig, het eerder die gebruik van Khoikhoi as slawe in die hand gewerk.[333] Tydens die laaste dekades van die agtiende eeu het Khoikhoiplaasarbeiders in die distrik Graaff-Reinet byna alle plaaswerk behartig. In 1798 het Barrow tydens sy binnelandse reise tot die gevolgtrekking gekom dat "[f]ew of the distant boors have more than one slave, and many none; but in Graaf Reynet, to thirteen to each family".[334] Groot getalle slawe per familie was die uitsondering, in welke geval die eienaars baie gegoede boere was. In 1795 het ongeveer twaalf persent van die totale Kaapse bevolking hulle in die veeboerdistrikte Swellendam en Graaff-Reinet bevind.[335] Slawe sou dus weens hulle beperkte getalle en 'n gevolglike gebrek aan onderlinge kontak, 'n minder beduidende rol op ekonomiese en kulturele gebied in die afgeleë binneland speel. Dat hulle dienste as knap ambagslui, musikante,[336] algemene toesighouers, voormanne en veewagters wel aangewend is, kan egter nie misken word nie.

'n Tendens wat hom uit die bestudering van die binnelandse reisbeskrywings voordoen, is die sporadiese teenwoordigheid van enkele bejaarde plaasslawe. Soos reeds vermeld, is weerspannige, sowel as bejaarde slawe wat nie meer van nut op die fisies veeleisende akkerbouplase was nie, teen 'n laer prys aan die binnelandse boere verkoop. Op die veeboerplase is die bejaarde slawe dan vir fisies minder veeleisende take, soos die oppas van vee en algemene toesighouding, aangewend.[337] In sy reisbeskrywing het Lichtenstein melding gemaak van enkele hoogs bejaarde slawe wat hulle op die binnelandse plase bevind het. Op die plaas van Milde naby die Bergrivier in die noordwestelike binneland was 'n 120-jarige Javaanse slaaf, terwyl hy in die omgewing van Vier-en-Twintig-Rivieren op die plaas Gelukwaard van Leiste 'n Maleierslaaf van 107 jaar teëgekom het. Op die plaas van Du Preez in die Overberg was 'n blinde Maleierslaaf wat oor die 100 jaar oud was en desnieteenstaande vir dertig jaar getrou deur sy meester onderhou is. In die Nardouw-omgewing, naby die Doornrivier, het sy reisgeselskap met 'n bejaarde slaaf kontak gemaak wat tydelik daar gevestig was om na 'n kleinerige beestrop van sy meester om te sien.[338]

Binnelandse slawe het hulle in diens van drie tipes boere bevind, naamlik die redelik welvarende gevestigde boere, die semi-nomadiese trekboere en die nomadiese trekboere. Die redelik welvarende, gevestigde boere het 'n aanvaarbare beskawingspeil gehandhaaf en weens hulle materiële welvaart was hulle in staat om die duurder slaweambagslui van Oosterse afkoms vir hulle werkswinkels aan te koop. Hierdie materialisties georiënteerde meesters het ook beter na hulle slawe as deel van hulle eiendom omgesien.

Die plaas Rietvallei van Jacob Laubscher, "een van die rykste koloniste in die land",[339] dien as voorbeeld van 'n welvarende plaasopset. Die plaas was in die noordwestelike binneland, 'n kwartier van die Bergrivier ten ooste van Saldanhabaai, geleë.[340] Alhoewel nog binne die Kaapse distrik, was dit vêr vanaf Kaapstad en daarom 'n effektiewe selfversorgend eenheid,

---

333 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 56; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 82.

334 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 404.

335 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 231.

336 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 33, 34 en 58.


337 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 28.

338 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 61, 74 - 75, 99 en 206.

339 *Ibid.*, p. 57.

340 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803,* p. 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 19:** Die plaas Kweekvallei van veldkornet Samuel de Beer, soos afgebeeld deur kaptein Gordon. Op die voorgrond, links, is die strooi- en matjieshutte van die Khoikhoi- en slawearbeiders op die plaas. Uit die afbeelding is af te lei dat slawe wat hulle op dié plaas aan die voet van die Swartberge bevind het, onder meer by die aanlê, natlei en versorging van wingerde, landerye, tuine en vee betrokke sou gewees het. Oorspronklike skildery in die Gordon-atlas, Rijksprentenkabinet, Amsterdam.

Uit: P. Cullinan, *Robert Jacob Gordon 1743 - 1795. The man and his travels at the Cape* (Kaapstad, 1922), pp. 150 - 151.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos dit met baie binnelandse plase die geval was.[341] Buiten vir tagtig perde, 690 beeste, 2 470 skaap en 'n groot aantal pluimvee, was daar 105 persone wat uit meesters, bediendes, Khoikhoi en slawe bestaan het.[342] 'n Wye verskeidenheid ambagte en nerings is op die plaas deur die talle slawevakmanne in die werkswinkels wat rondom die woning geleë was, beoefen.[343]

Al vier die Van Reenen broers, Jacob, Sebastiaan, John en Daniel was welvarend en het 'n belangrike bydra tot die landbou in die Kaapkolonie gelewer. Dit is ook nie vergesog om te vermoed dat slawe 'n aandeel in die opbou van die plase Ganzekraal van Jacob van Reenen, Klavervallei van Sebastiaan van Reenen, Groote Toorn van John van Reenen en die plaas van Daniel van Reenen gehad het nie. [344] Die welvarende Pieter Dupré van 'n beesplaas naby die Krombekrivier in die distrik Swellendam [345] het, volgens Lichtenstein, onder meer ook 'n aantal ambagslawe besit wat deur die teenwoordigheid van "werkswinkels vir die slawe" gesuggereer word.[346] In die Langkloof kon Stephanus Ferreira van die plaas Klipheuwel as 'n welvarende boer uitgesonder word. In 1805 was daar 34 slawe in sy diens. Hierdie slawe was waarskynlik betrokke by die versorging van die 10 ryperde, 80 osse, 396 beeste en 806 skape, sowel as die 10 000 wingerdstokke op die plaas.[347] Die Duminys van die plaas Bokrivier in die Overberg is 'n voorbeeld van 'n gemiddeld welgestelde slawebesittende Kaapse boerefamilie teen die einde van die agtiende eeu.[348] Francois Duminy was ook in besit van die veeplaas Blouklip aan die Kykoedierivier, [349] sowel as Blouberg "in 't Caapbse district bezuyden de blaauwe berg aan de zogenaamde Compagnies dam".[350] In die dagboeke van Johanna Duminy is daar van enkele huishoudelike slawe sprake, te wete "villip, moosis en aron", terwyl daar ook na slavinne verwys word.[351]

Benewens die groot aantal vrugteboorde, koringlande en die talryke skaap-, bok-, bees- en perdetroppe op die plaas Rhenosterfontein van Barend Burger in die Sneeuberg-omgewing, was daar 'n pragtige woonhuis met netjiese buitegeboue wat onder meer woonkwartiere vir sy slawe en Khoikhoi-arbeiders, sowel as skure, pakhuise en werkswinkels ingesluit het. Burger en sy familie was vriendelik en goedgeaard en die slawe het tydens die besoek van Lichtenstein in die vroeë negentiende eeu 'n gesonde lewensblyheid geopenbaar.[352] Veldkornet Samuel de Beer van die welgeleë plaas Kweekvallei **(Fig. 19)** aan die Swartberge was nog 'n welgestelde gevestigde binnelandse boer.[353] Kweekvallei is bevoordeel deur 'n sterk fontein wat die aanlê van landerye, wingerde en tuine met behulp van onder meer Khoikhoi en slawe moontlik gemaak het.

---

341 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 57.

342 *Loc. cit.*

343 *Ibid. I*, p. 58.

344 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 29 - 30, 114 en 202; A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, pp. 23 - 24.

345 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 204.

346 *Ibid. I*, p. 205.

347 J.T. Ferreira, *Ferreira - Lys no. 5*, pp. 7 - 8; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 203.

348 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 42.

349 *Ibid.*, p. 45.

350 *Loc. cit.*

351 *Ibid.*, p. 39.

352 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, pp. 22 - 23.

353 *Ibid. II*, p. 84; E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II*, p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sommige welgestelde boere, soos Leiste van Gelukwaard, het veeposte in die Roggeveld en Bokkeveld gehad waar surplus beeste onder toesig van slawe en Khoikhoi laat wei is. Op beide oewers van die Bergrivier is veeposte deur Lichtenstein aangetref. Daar was geen groot plaasopstalle nie, slegs klein huisies en hutte. Tydens droogtes en die uitbreek van veesiektes is die beeste na die veeposte gebring waar ouer slawe en Khoikhoi as veehoeders opgetree het.[354] Die slawe het hier 'n lewe van isolasie gelei met slegs hulle Khoikhoikamerade as geselskap.

Weens die beskikbaarheid van vrugbare grond sowel as water, is slawe heelwaarskynlik op die plase van die welvarende boere vir 'n wye verskeidenheid take aangewend, aangesien daar 'n groter produksieverskeidenheid was. Die voorspoed op die plaas en gevolglike materiële welvaart van die boer het ook op die lewe van die slaaf 'n invloed gehad, aangesien die boer beter in staat was om na die behoeftes van sy slawe om te sien. Op die groter selfvoorsienende plase waar meer arbeiders in diens was, was die slawe ook minder geïsoleerd en was daar 'n groter mate van sosiale kontak met medeslawe en die Khoikhoiplaasarbeiders. Onder die welvarende gevestigde binnelandse boere was 'n sekere mate van beskaafdheid wat ook in die behandeling van hulle slawe gemanifesteer het.[355] In die eerste helfte van die negentiende eeu was die welgestelde boere hoofsaaklik tot die Sneeuberg-, Tarka- en Bruintjieshoogte gebiede beperk en was hulle, volgens Thompson, in 1823 "probably the most prosperous and independent class of farmers ... in the Colony".[356]

Die tweede groep binnelandse boere in wie se diens slawe hulle bevind het, was die semi-nomadiese trekboere. Hulle het gewoonlik 'n permanente plaas besit, maar is weens klimaatsomstandighede, 'n behoefte aan weiding, sowel as aanvalle en veerowery van die Boesmans, genoodsaak om 'n semi-nomadiese bestaan tussen een of twee "legplaatse" en die basisplaas te voer. Hierdie boere het oor groot veetroppe beskik, maar genoemde omstandighede, sowel as die groot mate van isolasie, het hulle verhoed om 'n gevestigde, beskaafde bestaan te voer. Ten spyte van hulle groot beestroppe, het dié boere 'n miserabele bestaan sonder geriewe gevoer[357] wat ook deur die slawe in hulle besit gedeel is. Dit was veral die slawe van die Rogge- en Bokkeveld wat aan dié lewenswyse van hul eienaars blootgestel was. Jaarliks is minstens twee seisoenale trekke met familie, slawe en Khoikhoi-arbeiders en vee onderneem. In die winter is die plase in die koue berggebiede verlaat om met die groot veetroppe na die "legplaatse" in die laerliggende Karoo te trek waar die winterreëns genoegsame en voedsame weiding verseker het.[358] Met die aanbreek van die lente is die terugtrek aangepak en die "legplaats" in die Karoo agtergelaat, aangesien dié gebied in die somer weens die versengende hitte en 'n gebrek aan water en weiveld, onbewoonbaar is.

Gerrit Vischer van die plaas Driefonteinen in die sentrale Roggeveld het, soos die ander boere van dié omgewing, 'n semi-nomadiese bestaan tussen sy vaste plaas in die Roggeveld, sy "legplaats" in die Karoo en die somerweiding op die oewers van die Rietrivier gevoer. Slawe en Khoikhoi-arbeiders moes tydens dié trekke die vee aanjaag.[359] Weens omstandighede was

---

354 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 67 en 71.

355 *Ibid. II*, pp. 22 - 23; A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 26; G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa II* (red. V.S. Forbes), p. 14.

356 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 97.

357 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 110.

358 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 153.

359 *Ibid. I*, pp. 129 - 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 20:** Die tydelike *legplaats* van veldkornet Gerrit Snyman in die Roggeveld-Karoo, soos afgebeeld deur William Burchell (1781 - 1863) tydens sy binnelandse reise van 1811 tot 1815 in Suidelike Afrika. Op die voorgrond is 'n gewapende skaapwagter wat homself en die skape teen aanvalle van wilde diere en rowers moes beskerm.

Uit: W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I* (London, 1822), p. 238.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wonings in die sentrale Roggeveld baie beskeie en eenvoudig.[360] Gerrit Vischer se huis was klein en die ingang laag. Die sitvertrek het as kombuis gedien, terwyl dit ook die kamer vir die slawe en die eienaar en sy familie was.[361] Op dié wyse was daar tog 'n mate van noue kontak tussen meester en slaaf. Om die woonhuis was kleiner geboutjies wat as woonkwartiere van die ander slawe en Khoikhoi, werkswinkels en stoorkamers benut is. Die trekosse, slagbeeste, koeie en kalwers, wolskape, vetstertskape, ooie, sowel as lammers, het elk afsonderlike krale gehad, terwyl dié onderskeie veetroppe bedags deur die Khoikhoi en slaweveewagters opgepas is.[362] Ten spyte van bogenoemde beskeie leefwyse was die voorkoms en gedrag van Vischer en sy familie, volgens Lichtenstein, heel aanvaarbaar. Terwyl die plaas Driefonteinen van Gerrit Vischer as voorbeeld van die vaste tuiste van 'n semi-nomadiese boer en sy arbeiders voorgehou word, het William Burchell tydens sy binnelandse reise 'n insiggewende beskrywing en illustrasie van die tydelike "legplaats" van veldkornet Gerrit Snyman in die Karoo **(Fig. 20)** gegee.[363]

Soos reeds vermeld, het die harde semi-nomadiese bestaan tot gevolg gehad dat boere, ten spyte van hulle relatiewe welvaart in veekudddes, oor die algemeen nie 'n hoogs beskaafde lewenswyses kon handhaaf nie. Die klimaat, omgewing en isolasie, die stryd teen droogtes, wilde diere en vyandige wilddiewe het 'n bepalende invloed op die aard en lewenswyse van die boere gehad. Sosiale interaksie was beperk tot hulle eie gesinne, terwyl die slawe en Khoikhoi al ander menslike kontak was. Aangesien hulle weens die omstandighede genoodsaak is om die herders- en jagekonomie van die Khoikhoi te aanvaar, was hulle op die basiese behoeftes ingestel en het hulle, volgens Stavorinus, 'n groter ooreenkoms met die Khoikhoi as met hulle Europese landgenote getoon. Sommige reisende besoekers en invloedryke amptenare, soos sekunde Jan W. Cloppenburg, het hulle in 1768 as "ongemanierd en onchristelik" beskryf.[364] De Jong het tot die gevolgtrekking gekom dat, hoe verder mense van die hoofsentrum af gewoon het, "hoe ruwer en onbeschaafder zij zijn." [365] Daarbenewens het sy waarnemings hom oortuig dat sommige persone van die afgeleë grensgebiede weinig van die Khoikhoi verskil het.[366] Volgens Mentzel was die opvoeding van die boere in die verafgeleë wildernis sleg, hulle denkwyse nie te edel nie en hulle optrede en gedrag onmanierlik.[367] Van die veeboere was voorts tot gemaksugtigheid geneig en het as sodanig baie swaar op die arbeid van slawe, Khoikhoi en inboekelinge gesteun. John Campbell het in 1816 tydens sy binnelandse reise opgemerk dat die meerderheid van die binnelandse boere weens die aard van veeboerdery en die feit dat hulle nie akkerbou beoefen het nie, byna niks te doen gehad het nie. Dié luiheid het tot selfsugtigheid en stompsinnigheid gelei wat duidelik in hulle gelaatsuitdrukkings op te merk was.[368] Campbell het pertinent van die boere in die Bethelsdorp-omgewing melding gemaak wat met nie minder as twintig of dertig Khoikhoi, wat om hulle rondhardloop, tevrede was nie.[369]

360 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 130.

361 *Loc. cit.*

362 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132.

363 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 237 - 248.

364 R. Elphick en R. Shell, Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 169 - 170.

365 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 99.

366 *Loc. cit.*

367 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 120.

368 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, pp. 118 - 119.

369 *Ibid.* , pp. 85 - 86.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Percival het die gemaksugtige binnelandse boer die oggende omgerook en na middagete gaan slaap, terwyl hy in sy onwilligheid om self te werk, oor sy slawe en gehuurde Khoikhoi geheers het.[370]

'n Derde groep boere in wie se diens binnelandse slawe hulle kon bevind het, was die nomadiese trekboere. 'n Aantal van dié boere het hulle in die afgeleë binneland bevind waar hulle sonder vaste woonplek 'n swerwersbestaan met hulle veekuddes gevoer het. Sommige boere het uit vrye wil dié lewenswyse verkies, terwyl ander deur die plundering en afbrand van hulle wonings en weiveld deur vyandige inboorlinge tot sodanige swerwersbestaan genoodsaak was.[371] Uit die beskrywings van beide Lichtenstein [372] en Burchell, [373] wat met nomadiese gesinne in die Karoo kontak gemaak het, is af te lei dat die woning van sodanige gesinne gewoonlik die tentwa of koepelvormige strooi- of matjieshutte, soos dié van die Khoikhoi, was. Hulle stapelvoedsel was die vleis en melk van hulle eie veekuddes, aangesien hulle lewenswyse die verbouing van koring en groente uitgesluit het. Lichtenstein het die nomadiese trekboere as die armste in die kolonie uitgesonder, en hulle as "... very far from respectable ... almost sunk to the situation of savages", beskryf.[374] Weens beperkte finansiële vermoëns en arbeidsbehoeftes, sou die besit van slawe deur die nomadiese trekboer eerder die uitsondering as die reël wees. Die Khoikhoi sou 'n meer waarskynlike opsie wees. Enige slaaf wat hom wel in diens van die nomadiese trekboer bevind het, het 'n onbenydenswaardige, ontberingsvolle en geïsoleerde bestaan, sonder die geriewe en fasiliteite van enige ander slaaf in die Kolonie, gevoer. Uit die voorafgaande bespreking van die drie tipes binnelandse boere blyk dit dat die lewensomstandighede van elk van die groepe ten opsigte van lewenskwaliteit en beskaafheid verskil het en dat beide die slawe en koloniste in die veeboerstreke 'n kultuur wat uit Europese, sowel as Khoikhoi-invloede saamgestel is, gedeel het. Hierdie kultuur sou vir die herdersekonomie van die binneland geskik wees. Alhoewel in 'n mindere mate as die Khoikhoi, sou slawe deur hulle arbeid, veral as geskoolde ambagslui, 'n rol in die ekonomie van die binnelandse plase speel. Op kulturele gebied sou hulle eerder 'n deelnemende as bepalende rol in die oorwegend Europees-Khoikhoikultuur speel.

Hiermee is gepoog om 'n beeld van die milieu waarbinne die Kaapse slaaf hom bevind het, te gee. Binne die onderskeie streekmilieus sou die lotgevalle van die slawe voltrek word, sou 'n bepaalde lewenswyse en sekere lewensvorme met betrekking tot die Kaapse slawe beslag kry.

---

370 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 205.

371 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 83.

372 *Loc. cit.*

373 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 273 - 274.

374 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 83.